

GRAAD11

AFRIKAANS HUISTAAL
VRAESTEL 1
JUNIE 2019

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:
AFDELING A: Leesbegrip (30)
AFDELING B: Opsomming (10)
AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies (30)
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin elke AFDELING op 'n NUWE bladsy.
4. Trek 'n streep ná elke afdeling.
5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Voorgestelde tydsindeling:
AFDELING A: 50 minute
AFDELING B: 30 minute
AFDELING C: 40 minute
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1**

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

TEKS A: ARTIKEL

Wees só 'n Sport

Hoe kan jy jou kind 'n gesonde benadering tot mededinging leer in 'n tyd dat sportmanskap skynbaar uitsterf?

- 1 Aan die begin kry jy die tennisster Serena Williams wat deur die jare by die Amerikaanse Ope op skeidsregters skree, haar raket breek en selfs dreig om 'n bal in die lynregter se keel af te druk.
- 2 Aan die ander kant is Novak Djokovic, wat ná 'n nederlaag in die eindstryd van verlede jaar se ATP-jaareindtoernooi oorstap na sy teenstander wat van blydschap op sy rug neergeslaan het, hom ophelp en omhels.
- 3 Ons praat hier van sportmanskap – of liever die gebrek daaraan.
- 4 Ons Blitsbokkaptein, Philip Snyman, is volgens baie sportliefhebbers 'n uitstekende rolmodel van goeie sportmanskap. Philip het byvoorbeeld verlede jaar in die Londense toernooi van die Wêreldreeks ná 'n eindstrydnederlaag teen Fidji eers staan en wag om Josua Vakurunabili – op sy knieë besig met 'n dankgebed – geluk te wens. “Dit verg niks om goeie sportmanskap te betoon en dankie te sê nie,” het hy gesê.
- 5 Tog waarsku baie mense, in 'n era van beroepsport, waar geld eerder as karakter die dryfveer word, is sportmanskap iets wat ons ál hoe minder sien.
- 6 Hoe kweek jy goeie sportmanskap by jou kind in 'n tyd waarin selfs sport vir ontspanning mededingend geraak het?
- 7 Maar wat is goeie sportmanskap? “Regverdige, respekvolle en beleefde gedrag teenoor jou mededinger, asook grootmoedigheid, al verloor jy of jou span,” is dr. Rosa Bredenkamp, 'n beradingsielkundige van Stellenbosch, se definisie van sportmanskap. Sy sê verder: “Dit gaan oor jou ingesteldheid dat sport daar is om geniet te word en nie net om te wen nie. Jou etiese beginsels en waardes moet ook deurskemer in die gees waarin jy jou mededinger as 'n kameraad beskou en behandel.”
- 8 Rosa meen dat sportmanskap ook vereis dat jy die reëls van die spel nakom en jou aan die skeidsregter se oordeel onderwerp.
- 9

10 Maar hoekom is dit belangrik? Gaan dit nie maar net oor wen nie?
Sportmanskap leer jou ander mense sukses gun. Dit help jou om 'n sin vir
regverdigheid aan te leer, sê dr. ST Potgieter, 'n opvoedkundige sielkundige van
11 Kaapstad.

11 Dr. Potgieter meen ook dis belangrik dat die kinders van jongs af sportmanskap
aanleer, want eindelijk vind dit neerslag in jou volwasse lewe, huwelik, verhoudings en
beroep. Kortom, dit leer jou later om mededingend, maar terselfdertyd grootmoedig
12 en medemenslik te wees, asook hoe om teleurstelling te verwerk.

12 Een van die belangrikste lewenslesse wat jy op die sportveld leer, is dat uitdagings
deel van die lewe is, is die mening van dr. Ewald Crause, 'n sielkundige verbonde aan
13 die Wes-Kaapse Onderwysdepartement.

13 Hoekom raak sportmanskap deesdae so skaars?

14 Deelnemers se fokus het die laaste klompie jare verskuif weens beroepsport se klem
op prestasie om te wen tot elke prys – en dit kon tot 'n afname in sportmanskap gelei
het. Dit is die mening van dr. Jannie Botha. Hy was betrokke by die Wêreld-
15 bekerrugbyspan, die Junior Springbok- en Blitsbokspanne en hy is nou ook die Bulls
se spelerontwikkelingsbestuurder.

15 Rosa beaam dit. “Daar is groter druk om die beste te wees. En wanneer wen die
allesoorheersende doelwit is, kan ons swak sportmanskap op die ergste sien.”

16 Ewald meen mense benader sport deesdae as iets wat hulle aansien moet gee eerder
as iets wat hulle moet geniet. Die sterk wenmotief stel jongmense ook bloot aan druk
17 waarvoor hulle nog nie gereed is nie en wat emosioneel oorweldigend kan word.

17 Volgens Loffie Eloff, die rugbyafrigter wat die Suid-Afrikaanse o/19-span na die twee
wêreldtitels gebrei het, eindig dit nie by druk en onrealistiese verwagtinge van ouers
18 nie. “Die kinders ervaar ook druk van afrigters, hul skool self, gemeenskapsdruk...”

18 Die wenmotief kan oordryf word en kinders op die lange duur benadeel, eerstens deur
die voorbeeld wat gestel word. Ouers en onderwysers kan hulle nie swak gedra langs
19 of op die veld en dan verwag die kind moet goeie sportmanskap toon nie.

19 Leer kinders dat sport genotvolle ontspanning bied, mense bymekaarbring en
spangees bou, en dat daar altyd 'n wenspan en 'n verloorspan moet wees.

20 Ouers behoort kinders ook te leer dat mededinging met jouself die beste soort
mededinging is – dít is gesonde kompetisie.

TEKS B: VISUELE TEKS



BRON: VOLKSBLAD, 22 OKTOBER 2016

VRAE: TEKS A

- 1.1 Watter woord dui daarop dat die subopskrif 'n mening is? (1)
- 1.2 Haal 'n woord uit die subopskrif aan wat die tema van die artikel saamvat. (1)
- 1.3 In paragraaf 4 word Phillip Snyman as rolmodel van goeie sportmanskap beskryf. Watter karaktereienskap van Snyman wat tot hierdie eer aanleiding gegee het, kan uit die paragraaf afgelei word? (1)

- 1.4 Wat is volgens paragraaf 5 die oorsaak dat sportmanskap besig is om te verdwyn? Verduidelik watter rol jou antwoord op die vraag in die verdwyning van sportmanskap speel. (2)
- 1.5 Sê in jou eie woorde watter dilemma deur die retoriese vraag in paragraaf 6 aangespreek word. (2)
- 1.6 Waarom, dink jy, kan die uitsprake van Rosa Brendenkamp in paragraaf 7 as gesaghebbend beskou word? (1)
- 1.7 Lees weer die onderstreepte sin in paragraaf 7.
Dink jy dat mense wat sport as beroep beoefen met hierdie uitspraak sal saamstem? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.8 Wat word met “etiese beginsels” in paragraaf 7 bedoel? (1)
- 1.9 Watter karaktereienskap, dink jy, is nodig om jou mededinger volgens paragraaf 7 as ’n “kameraad” te beskou? Dink jy dat dit altyd op die veld of baan moontlik sal wees om jou opponer as ’n kameraad te beskou? Motiveer jou antwoord. (2)
- 1.10 Wat, volgens paragraaf 8, beskou Rosa Bredenkamp as die vereistes vir sportmanskap? Hoe sou jy as speler optree wanneer die skeidsregter jou of jou span tydens ’n belangrike wedstryd met ’n ooglopend verkeerde beslissing benadeel? (2)
- 1.11 Dink jy dat die retoriese vrae in paragraaf 9 effektief is? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.12 Volgens dr. Potgieter sal sportmanskap later neerslag vind in jou beroep. Hoe, dink jy, sal sportmanskap jou in jou latere beroep kan help? (1)
- 1.13 Wat, volgens dr. Ewald Crause, is die belangrikste lewensles wat jy op die sportveld leer? (1)
- 1.14 Lees paragraaf 14 weer aandagtig deur.
Waarop, dink jy, grond dr. Jannie Botha sy mening binne die konteks van hierdie paragraaf? (2)
- 1.15 In watter opsig, dink jy, gee sport ’n mens volgens paragraaf 16 aansien? (1)

- 1.16 Haal twee agtereenvolgende woorde uit paragraaf 17 aan wat op die negatiewe bydrae van ouers dui. (1)
- 1.17 Lees weer die laaste sin van paragraaf 17.
Skryf TWEE opeenvolgende woorde uit die vorige paragraaf neer wat op die nagevolg van te veel druk dui. (1)
- 1.18 Hoe kan paragraaf 19 met die titel van die artikel in verband gebring word? (1)
- 1.19 Wat word met “mededinging met jouself” in paragraaf 20 bedoel? Stem jy saam met die uitspraak in hierdie paragraaf? Motiveer jou antwoord. (2)

VRAE: TEKS B

- 1.20 Watter een van die twee spanne wat hier uitgebeeld word, openbaar visueel die swakste sportmansgees? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.21 Watter woord in die praatborrel van die bul impliseer minagting? (1)
- 1.22 Watter woord in die praatborrel van die figuurtjie regs onder dui op die krag van die Bulle? (1)
- 1.23 Watter TWEE agtereenvolgende woorde in die spotprent verwys na 'n Cheetah-ondersteuner? (1)

VRAAG: TEKS A EN B

- 1.24 Watter motief wat in Teks 1 ter sprake is, word deur Teks B uitgebeeld? (1)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE wenke oor hoe jy jou stresvlakke tydens eksamentye kan hanteer**.

LET WEL:

- Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Dit is nie nodig om die opsomming 'n titel te gee nie.
- Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

TEKS C

HANTEER JOU STRESVLAKKE TYDENS EKSAMENS

Vir die meeste van die leerders in Suid-Afrika is dit nou 'n baie druk tyd met eksamens wat plaasvind en dit is die stresvolste tyd vir die meerderheid van die leerders. Dit plaas geweldige groot druk op die leerders en dit is die belangrikste tyd om goed te fokus en baie hard te studeer. Hier is 'n paar wenke vir leerders oor hoe jy eksamenstres kan hanteer en hoe ouers 'n bydrae kan lewer om daarmee te help:

Sorg dat jy in 'n stil omgewing leer, weg van die TV of enige iets wat geraas maak. Enige klanke sal jou aandag van jou werk aftrek.

Organiseer jou lessenaar sodat daar genoeg spasie is waar jy jou skryfboeke, handboeke en skryfbehoeftes kan uitpak. Dit is steurend wanneer jy die hele tyd goed moet rondskuif sodat jy kan werk.

Stel vir jouself 'n studierooster op wat pouses of rustye insluit. Probeer om vir 'n uur te studeer en vat dan 'n kort ruskans. As jy oorwerk is, sal dit ook tot jou nadeel wees.

Drink genoeg water en eet gesonde versnaperings. Dit kan help dat jy goed fokus en konsentreer.

Maak seker dat jy die oggend voor jy skryf 'n gesonde ontbyt eet. Dit is belangrik sodat jy gefokus kan bly en nie dink aan jou maag wat onder die bank grom nie.

Sit jou selfoon af wanneer jy studeer, anders sal jy nie kan konsentreer nie. Jou ouers kan ook hier jou foon inneem en na jou studietyd aan jou teruggee. Selfone is een van die grootste probleme wat veroorsaak dat kinders vandag nie kan konsentreer nie.

Die belangrikste is om in jouself te glo en jy sal goed doen tydens die eksamen. Met 'n positiewe houding is die stryd reeds halfpad gewen.

Probeer hierdie wenke tydens die eksamentyd. Dit sal jou help om te konsentreer en om jou vraestelle te skryf tot die beste van jou vermoë. Onthou dat jou voorbereiding die uitkoms van elke vraestel sal bepaal.

BRON: AANGEPAS UIT *MY MATZIKAMA.COM*

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS D

**Is jy 'n (3.1) milleniër wat (3.2) nes die KKNK
25 jaar oud is?**



Jy is 25 en (3.3) 'n
feesdier!
Jy is VRY
Jy is (2.4) KKNK-25!!
XXV

Word voor 11 Maart 'n lid van **XXV** en kry spesiale voordele waaronder 'n **kuierbuurt-kaartjie** (3.5) ... waarde van (3.6) R350 **gratis!** Jy kry ook gratis toegang tot (3.7) **laatnag** in die Netwerk 24 Feeskafee, (3.8) **spesiale afslag** en staan 'n kans om (3.9) **groot pryse** te wen!

4) Gaan na www.kknk.co.za vir meer inligting en registreer nou!

- 3.1 Waarom word die woord “milleniër” in die opskrif met ’n deelteken geskryf? (1)
- 3.2 Die woord “nes” is die verkorte vorm van die woorde ... Vul die ontbrekende woorde in (1)
- 3.3 **’n feesdier**
- 3.3.1 Watter deel van die advertensie sluit by ’n feesdier aan? (1)
- 3.3.2 Gebruik die bepaler van “feesdier” as die kern van ’n ander samestelling. (1)
- 3.4 Verklaar die gebruik van die koppelteken in KKNK-25. (1)
- 3.5 Verskaf die ontbrekende voorsetsel. (1)
- 3.6 Skryf die bedrag R350 in woorde uit. (1)
- 3.7 Verskaf ’n antoniem vir “laatnag”. (1)
- 3.8 Verskaf ’n woord wat ongeveer dieselfde as “groot” binne die konteks van die sin beteken. (1)
- 3.9 Maak van ’n aksentteken gebruik om die woord “spesiale” willekeurig te beklemtoon. (1)

[10]

VRAAG 4: STROKIE

Lees en kyk na die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS E



RAAM 1	RAAM 2	RAAM 3
Ons manne kom ook nie so ver om die hoenderhok se dak te herstel nie.	Man, hulle sit nou juis koppe bymekaar oor die regte metode... Moenie glo nie!	Hulle sit en bid vir 'n langdurige droogte!



RAAM 4	RAAM 5	RAAM 6
Net toe ou Haandrik vanmôre lostrek met sy eerste kraai, breek die stellisie.	O, heng, en hoe klink dit toe?	Man, as dit 'n oudisie vir 'Idols' was, het hy uitgeval

BRON: ONBEKEND

- 4.1 Vervang die woord “manne” in raam 1 met ’n woord met ’n denotatiewe betekenis binne die konteks van die strokie. (1)
- 4.2 Skryf ’n werkwoord in die infinitiewe vorm in raam 1 neer.. (1)
- 4.3 “... hulle sit nou juis koppe bymekaar...” (raam 2)
Wat is die denotatiewe betekenis van hierdie uitdrukking in raam 2? (1)
- 4.4 Hoe beïnvloed die dubbele -p die uitspraak van die o-klank in die woord “koppe” in raam 2? (1)
- 4.5 Wat impliseer die hen met haar woorde in raam 3? (1)
- 4.6 Raam 4: *Toe stort die stellasië in ...* , beteken dieselfde as *toe breek die stellasië*. Verskaf die ontbrekende idiomatiese woord. (1)
- 4.7 Maak van klinkerwisseling gebruik om ’n selfstandige naamwoord van “klink” (raam 5) te vorm en gebruik die woord in ’n kort, verklarende sin. (1)
- 4.8 Wat is die betekenis van “oudisie” binne die konteks van raam 6? (1)
- 4.9 Herskryf die sin in raam 6 in die ontkenende vorm. (1)
- 4.10 Skryf die tweede woord uit raam 6 neer waarin ’n diftong (tweeklank) voorkom EN onderstreep die diftong. (1)

[10]

- 5.5 Gebruik die woorde “**nie net**” en “**maar ook**” om die volgende sinne saam te voeg:
- Slaap help om die geheue te rangskik. Peet Vermaak sê dat slaap help om die brein te verfris en om leervermoë te verbeter.
- Begin jou antwoord met die onderstreepte woorde. (1)
- 5.6 Motiveer die gebruik van die onderstreepte Engelse woorde in reël 9 in 'n Afrikaanse teks. (1)
- 5.7 Die deeltjewerkwoord “aanpas” word in reël 12 in die infinitiewe vorm gebruik. Gebruik “aanpas” as 'n selfstandige werkwoord in 'n kort, verklarende sin. (1)
- 5.8 Herskryf die onderstreepte gedeelte in reëls 14 en 15 en verbeter die taalfout. (1)
- 5.9 Kies die korrekte woord tussen hakies: Die toestand van slapeloosheid staan bekend as (insomnië/insomnia/insomnea) (1)
- [10]**
- TOTAAL AFDELING C: 30**
GROOTTOTAAL 70